IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I 9.96 Vol. 320 Pg. 18 306 - 18 368.

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1987-11-19

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

320

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

ISMAIL AYOB & PARTNERS
COPY
FOR YOUR INFORMATION

VOLUME 320

(Bladsye 18 306 - 18 368)

HOF HERVAT OP 19 NOVEMBER 1987.

MR BIZOS : My Lord, all the accused are before Your Lordship this morning, but accused no. 1, Mr Baleka, is scheduled to write his last examination tomorrow. If Your Lordship would be prepared to grant him the leave to write it.

COURT : Leave is granted.

MARY ZULU, v.o.e. (Deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mev. Zulu, ons het gister behandel die geval waar die vrouens gepraat het op die vergadering. Wat is die posisie, die mans wat daar gepraat het, het hulle ook almal daar hulle hande opgesteek voor hulle gepraat het? -- Ja.

Toe die verhoor op Delmas aan die gang was, het jy dikwels daar by die verhoor gekom en daar gesit in die gehoor? -- Nee.

Het jy daar gekom terwyl die verhoor aan die gang was? -- Nee.

Ek wil aan u oor die begin van die vergadering van 26 Augustus 1984 iets stel wat die verdediging aan ŉ getuie gestel het en dan wil ek net jou kommentaar hoor daarop. Dit is in volume 13 bladsy 628 van die oorkonde. Die volgende is daar gestel dat dit daar aangekondig is "that as people from both zone 3 and zone 7 were there, it would not be right to have a chairman either from the one zone or the other and that the meeting should indicate a neutral chairman. Do you recall that?" Is dit daar aangekondig dat die vergadering moet ŉ neutrale voorsitter aanwys op hierdie vergadering? -- Nee, dit kan ek nie onthou nie.

Kan jy onthou of die vergadering daar ŉ neutrale voorsitter gekies het? -- Nee, ek kan nie onthou nie. Eintlik

is/...

is ek nie daarvan bewus op die oomblik nie.

Jy het in jou getuienis gesê dat jy het nie voorheen van VCA gehoor nie. Wanneer was die eerste keer wat jy gehoor het van VCA? -- Dit was na die onluste wat daar plaasgevind het en ek het dit ook gehoor vanaf die radio-uitsending.

HOF : Dit is nou na die onluste? -- Ja.

MNR. JACOBS : Op daardie vergadering van 26 Augustus 1984 was daar niks gesê oor VCA nie? -- Nee.

Het jy voorheen al - ken jy die organisasie Vaal Organisation of Women? -- Ek weet nie. Daar was vroumense wat daar gepraat het oor ŉ byeenkoms van vrouens. Wat ek verstaan het daar was dat hulle kruideniersware saam koop. Of dit nou die organisasie is wat na verwys word, weet ek nie.

Was daar verwys na die naam Vaal Organisation of Women of VOW? -- Ek het nie gehoor dat hulle melding gmeaak het van wat die organisasie is wat daarby betrokke is nie. Wat ek wel gehoor het is dat hulle verduidelik van wat hulle doen.

Kan jy onthou of daar op daardie vergadering van 26 Augustus 1984 daarna verwys is dat daar ŉ spesiale spreker is wat die jeug verteenwoordig? -- Nee, dit het ek definitief nie gehoor nie.

Het jy gehoor dat dit daar aangekondig is dat daar ŉ spreker is wat sal praat oor VCA "and the objects and aims of VCA"?

HOF : Moet dit getolk word in Engels of met dit getolk word in haar taal? Met ander woorde, is dit op die vergadering in Engels gesê of in ŉ ander taal gesê?

MNR. JACOBS : Ek verstaan dit is in, die getuienis wat ek neergeskryf is, aangekondig dat hy oor die "objects and

aims/...

aims of VCA" sal praat.

HOF : Is die woorde gebruik?

MNR. JACOBS : Dit is so.

HOF : Dan moet dit getolk word as "objects and aims".

MNR. JACOBS : Net om duidelikheid te kry, dit kan vertaal word in haar taal. -- Nee, dit het ek nie gehoor nie. Glad nie gehoor nie.

Het enige spreker daar op daardie vergadering van 26 Augustus 1984 wel gepraat oor die jeug en die rol van die jeug? -- Ek kan nie meer onthou nie. Ek weet nie.

Op die vergadering van 26 Augustus 1984 was daar enigiemand wat gepraat het oor arbeid en die werkers? -- Ja, daar was iemand gewees wat oor die werkers gepraat het.

Kan jy onthou wat het hy gesê oor die werkers? -- Die persoon het gesê die werkers moenie werk toe gaan nie.

Is dit al? -- Wat verder gesê is is dat ons 'n optog moet maak na Houtkop toe.

Was dit nie ook daar gesê dat die kinders nie daar moet skool toe gaan nie? -- Dit is logies. As dit gesê word dat die inwoners as geheel insluitende die onderwysers almal moenie werk toe gaan nie, dat die kinders ook nie skool toe sal gaan nie.

Ek vra nie of dit logies is nie. Ek vra is dit gesê dat die kinders nie skool toe moet gaan nie? -- Nee.

Ken u vir mnr. Namane?

HOF : Is dit nou Khehla?

MNR. JACOBS : Die getuie wat net voor jou getuig het? -- Ja.

Kan u vir die hof sê, op hierdie vergadering, was daar liedere gesing wat gewoonlik bekend staan as vryheidsliedere? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

En/...

En na elke spreker gespreek het, is daar gesing? Weet jy daarvan? -- Ek kan nie meer onthou of daar baie gesing was nie. Dit is net nie meer in my gedagte nie.

Kan jy nie onthou of daar gesing is van Mandela nie? -- Ja, ek onthou.

En van Tambo? -- Nee, dit onthou ek nie.

So, dan was daar, behalwe vir die singery heel aan die begin van die vergadering en die singery heel aan die end van die vergadering, tussenin ook liedere gesing? -- Ek kan nie meer onthou nie.

Wanneer het hulle van mnr. Mandela dan gesing? -- Dit was in die loop van die vergadering.

Kan jy onthou wat het hulle gesing van hom? -- Ek kan nie meer onthou nie, want dit is lank gelede wat dit plaasgevind het. Ek kan net onthou dat daar iets gesing was oor hom.

Kom ons gaan na die toesprake toe. Jy sê dat daar was gepraat teenoor die raadslede dat hulle "puppets" is en "sell-outs" dink ek is die woorde wat jy gebruik het? -- Ja, dit is so.

Was hulle ook genoem verraaiers? -- Ja.

Wat is gesê hoekom is hulle verraaiers, wie verraai hulle? -- Hulle het die gemeenskap verraai.

Het hulle die gemeenskap verraai deurdat hulle saam met die regering werk? -- Nee, omdat hulle saam met die regering gewerk het nie. Wat gesê was, was dat hulle het die gemeenskap verraai.

Maar hoe? -- Deur mense te druk met baie dinge, waaraan hulle deelgeneem het.

Was dit dan gesê dat hulle onderdruk die gemeenskap?

Ja/...

-- Ja.

Is dit nie gesê dat die regering onderdruk ook die gemeenskap nie? -- Nee.

Is dit reg, die mense was kwaad vir die raadslede? -- Die gemeenskap leef in pyn as gevolg van die raadslede. Dus by hierdie vergadering was die gemeenskap nog steeds in daardie pyn wat hulle onder leef.

En op die vergadering was die mense ook kwaad vir die raadslede? -- Hulle was nie kwaad gewees nie. Hulle het net sleg gevoel.

En die sprekers, was hulle kwaad vir die raadslede en daarom het hulle die dinge gesê oor die raadslede wat hulle gesê het? -- Hulle gevoelens ook was net soos dié van die gemeenskap gewees. Nie dat hulle eintlik kwaad was nie, maar hulle het ook onder dieselfde gely soos die gemeenskap.

En hulle wou ontslae raak van hierdie raadslede? -- Nee.

Wou hulle nie ontslae raak van die raadslede nie? -- Nee.

Het hulle nooit gevra en gesê die raadslede moet bedank nie? -- Ja, dit was gesê.

Maar as jy vir iemand sê hy moet bedank, dan wil jy mos ontslae raak van hom. Is dit nie so nie? -- Ja, ontslae raak van hom in sy hoedanigheid as 'n raadslid, maar nie as 'n persoon nie.

Is dit so dat toe daar 'n persoon opgestaan het , dat hy onderbreek was, gestop was. Jy onthou die insident, nè? -- Ja, dit is korrek.

Toe die persoon opgestaan het om te praat, het hy enigiets gepraat? -- Die mense, die gehoor daar het verskil van opinie. Van hulle het gesê dat hy toegelaat word om te praat, dat ons hoor wat hy sê. Ander het gesê nee, hy moenie eers

toegelaat/...

toegelaat word om te praat nie.

Maar ek is daar nog voordat die mense hulle opinie uitgespreek het, voor dit begin het. Toe hy opgestaan het, het hy iets gesê of is hy gestop voor hy iets kon sê? -- Dit is toe hy net opgestaan het om te praat

Met ander woorde, verstaan ek jou dan reg, voordat hy nog iets gesê het, is hy gestop? -- Dit is voor hy eers een woord gebesig het.

Wie het hom gestop? Wie het iets gedoen dat hy nie kon praat nie? -- Die voorsitter van die vergadering.

Het hy hom gestop en gesê hy moenie praat nie? -- Ja.

Wat het die voorsitter van die vergadering dan gesê? Is dit ŉ man of ŉ vrou? Laat ons dit net eers so kry? -- Dit was ŉ manspersoon.

Wat het die voorsitter van die vergadering gesê hoekom kan hy nie praat nie? Hoekom stop hulle hom? -- Dit was na aanleiding van die geraas deur die gehoor daar dat die persoon nie moet praat nie, dat die voorsitter dan besluit het dat die persoon nie moet praat nie, hy moet liewers sit.

Verstaan ek jou getuienis dan nou reg, jy moet vir my sê as ek verkeerd is, daardie persoon het opgestaan om te praat, toe begin die gehoor sommer daar deurmekaar skreeu? -- Ja.

En het die gehoor opgespring toe hulle so deurmekaar geskreeu het om die man dood te maak? Hom dood te praat?

MR BIZOS : I am glad Your Lordship did not hear what my learned friend said, but I think he will correct himself.

MNR. JACOBS : Dood te praat.

HOF : Stel die vraag oor dat dit korrek getolk word. Dit is nie getolk nie.

MNR. JACOBS : Het die gehoor sommer daar opgespring en

voordat/...

voordat hierdie man kon praat, het hulle hom dood gepraat, hom nie 'n geleentheid gegee om te praat nie? -- Ja.

Het u geweet hoekom die gehoor nou so opspring, hier wil 'n man praat, en nou verhoed hulle die man om te praat? -- Behalwe dat hulle hom beskuldig het en gesê het hy was eers 'n raadslid, het ek nie van 'n ander rede geweet nie.

Is dit sommer verskillende mense wat daar opgespring het en geskreeu het "Kyk, jy is 'n raadslid, jy kan nie praat nie" of wat was die toestand? -- Ja.

Hierdie mense was seker kwaad gewees vir hierdie man wat nou so opstaan om te praat hier omdat hy 'n raadslid was en dit is seker hoekom hulle opgespring het? -- Hulle het nie vir my voorgekom of hulle kwaad was vir die man nie.

Hierdie man het seker kwaad geword dat hulle hom so beskuldig, hy is 'n raadslid en terwyl hulle dan so op die vergadering gepraat het teen raadslede? -- Ja, wat daar gesê was, was teen die raadslede.

En die man het toe seker bang geword? -- Hy het gesit. Of hy nou bang geword het of nie, dit weet ek nie.

En toe hy die kans kry het hy seker uitgegaan daarso uit die vergadering uit? -- Nee, hy het nie die vergadering verlaat nie.

Het hy gebly tot aan die einde? -- Ja.

Het jy hom gesien aan die einde van die vergadering toe jy die vergadering verlaat het? -- Ja, ek het hom gesien.

Is dit ook nadat die verkiesing van gebied 3 se gebiedskomitee verkies was? -- Ja.

Een ding wat jy alreeds gesê het, laat ek net weet of ek jou reg verstaan, dat die voorsitter het gesê dat hierdie man mag glad nie praat nie? -- Hy het die geraas gestop wat

nou/...

nou daar begin het tot hy daarin geslaag het om dit reg te kry en dus aan hierdie man gesê daarna dat die persoon moet sit.

Jy sê hy het die geraas gestop. Was dit 'n groot geraas gewees? -- Dit was 'n groot geraas in die sin dat mense hardop gepraat het en gesê het dat hy 'n raadslid was, hy moet sit. Dit was nie net een persoon nie, dit was baie persone wat dit gesê het. Met die gevolg dat dit 'n groot geraas was.

So, jy kon nie gehoor het wat alles daar gesê was nie? -- Daar was niemand wat enigiets anders gesê het behalwe die mense wat hardop gepraat het en dus die geraas veroorsaak het deur te sê dat hierdie persoon moet sit ni.

As daardie persoon gedreig was uit daardie gehoor uit, dan sou jy dit nie gehoor het nie of noodwendig gehoor het nie? -- Ek weet nie.

Nou wil ek iets anders met jou behandel. Jy sê daar was 'n besluit daar sal 'n opmars wees na Houtkop toe en die klagtes sal daar oorhandig word? -- Ja, dit is die waarheid.

Ek wil net duidelikheid kry oor wat jy bedoel met oorhandig? -- Die oorhandiging daar wat ek van praat, is dat ons was op pad om dit te gaan oordra dat ons nie in staat sal wees om die verhoogde huur te kan betaal nie.

Het julle toe besluit op die vergadering dat julle sal 'n petisie optrek wat julle dan daar sal oorhandig, dat julle gaan nie die verhoogde huur betaal nie? -- Wat ons in gedagte gehad het was die volgende. Dat met ons aankoms daar twee mans wat afgevaardig is of drie, sou daar ingegaan het en 'n versoek gerig het om die persoon wat in hoë outoriteit is daar te sien.

Hoe het die vergadering besluit wie is die drie persone

wat/...

wat as spreekbuise sou optree namens die gemeenskap? -- Wat hulle gesê het is dat na ons daar gekom het, waar ons almal nou bymekaar is, sal dit eers besluit word wie die persone is wat afgevaardig kan word om namens ons daar as spreekbuis te gaan optree.

HOF : Sou dit besluit word by Houtkop? -- Ja.

MNR. JACOBS : Wie het dit gesê op die vergadering dat julle sal daar by Houtkop eers bymekaar kom en dan julle afvaardiging daar kies? -- Dit is wat in my gedagte aangegaan het.

Ja, maar ek vra wie het dit gesê?

MR BIZOS : My learned friend has a habit, especially dealing with a woman who has Sub-B education. The woman said that "this was in my mind." Two or three questions were then put on the assumption had said that somebody said it. I would submit with respect that a cross-examiner of my learned friend's experience, cross-examining a woman of Gr. 2 education, if he wants Your Lordship to attach any weight to any favourable answers that he may get, he will be careful not to make assumptions in relation to matters the witness has not given evidence about.

COURT : The evidence was as follows "Ons het gedink twee of drie mans sou met ons aankoms daar ingaan en 'n versoek rig om die hoë persone te sien. Ons het gedink." The next question was "Watter twee of drie? Hoe is daar besluit?" "Hulle sê dit sal besluit word te Houtkop wie afgevaardig sal word. Hulle sê." Next question "Wie sê dit op die vergadering?" "Dit was in my gedagte." What is the objection?

MR BIZOS : The objection is that the question - without asking the witness a question whether or not anybody said so, the questions were put in the manner in which presupposed that

the witness said that somebody had said so.

COURT : Well, that was the answer. "Hulle sê dit sal besluit word te Houtkop." The objection is overruled. Next question.

MNR. JACOBS : Ek sal dit nou net aan jou baie duideliker stel. Jy het 'n antwoord gegee op my vraag en verwys na "Hulle het gesê die mense sal by Houtkop gekies word." Wie is die hulle wat so gesê word? -- Dit was my eie voorstel gewees aan hierdie persone daar by die vergadering dat ons kan nie almal die plek binne gaan nie, ons sal mense moet uitwys as afgevaardigdes wat namens ons daar gaan optree. Dit wil sê die klagtes oordra.

HOF : Het u op die vergadering opgestaan en dit gesê of het u dit sommer onder mekaar bespreek hier langs op die stoele of het u dit maar hgedink? Wat het u gedoen? -- Ek het dit bespreek met die mense wat saam met my daar op die stoele gesit het in die nabyheid van die plek waar ek gesit het, dat ons mense sal moet kies wat as afgevaardigdes moet optree.

MNR. JACOBS : Het enigiemand so 'n voorstel gemaak aan die vergadering en 'n hand opgesteek en 'n kans gevra om te praat en dit toe voorgestel aan die hele vergadering hardop? -- Dit was net voor die vergadering uiteen gegaan het dat ek dit genoem het. Dus daar was toe niemand gewees wat dit dan aan die vergadering oorĝedra het nie.

Behalwe dat jy dit nou privaat bespreek het met die mense wat by jou gesit het, was dit nooit op die vergadering self gesê wie sal optree by Houtkop as die optog daar kom nie? -- Nee.

Is dit op hierdie vergadering openlik bespreek daar as deel van die besprekings watter klagtes sal dan by Houtkop

oorgedra/...

oorgedrag word? -- Ja.

Watter sou oorgedra word? -- Dit is die verhoging op die huur wat destyds betaal was en tweedens dat ons nie tevrede is met hierdie bestaande raadslede nie. Hulle moet verwyder word.

Voordat ons dalk weer mekaar verkeerd verstaan, wat bedoel jy met hulle moet verwyder word? -- Ek sê dit want die dag toe hulle daar gekies was, het hulle gesê dat as ons nie tevrede is met dit wat hulle namens ons doen nie, moet ons dit so gou as moontlik doen, dat hulle verwyder word.

Dit is nou wat die raadslede sê, maar ek praat nou van die vergadering, wat het die vergadering gesê? Wat het hulle gesê omtrent die raadslede wat verwyder moet word? Die vergadering wat ek van praat as ek na 'n vergadering verwys is van 26 Augustus 1984? -- Die grief daar was dat die raadslede moet afstaan. Dit wil sê hulle moet verwyder word van die huidige posisies en die mars na Houtkop toe, het dus beteken dat ons na die hoë outoriteite toe moet gaan om dit aan die outoriteite bekend te gaan maak dat die mense verwyder moet word.

Wie moes die raadslede dan verwyder? -- Dit sou die Munisipaliteit besluit het wie dit sou doen.

Is ek reg as ek sê dat een van die resolusies op hierdie vergadering van 26 Augustus 1984 was dat die verhoogde huur sou nie betaal word nie? -- Ja.

Was niemand op daardie vergadering bevrees dat as hulle die verhoogde huur nie betaal nie, dat hulle gearresteer kon word? -- Dit is juis die rede hoekom ons besluit het om na Houtkop toe te gaan in 'n groot getal om dit bekend te gaan maak aan die outoriteite daar dat ons nie in staat

is/...

is om dit te betaal nie.

Maar my vraag is, op die vergadering, was daar niemand daar gewees wat dit daar geopper het aan die vergadering dat hulle is bang dat as hulle nie betaal nie, dan kan hulle gearresteer word? -- Nee, niemand het dit gesê nie.

Was daar op daardie vergadering enigiemand wat die vrees uitgespreek het dat as hulle deelneem aan 'n wegblyaksie om nie werk toe te gaan daardie dag nie, dat hulle daarvoor gearresteer kon word? -- Nee.

Was daar niemand op daardie vergadering wat die moontlikheid geopper het dat as hulle gaan deelneem aan so 'n optog dat die polisie hulle kan arresteer nie? -- Ja, daar is 'n persoon wat gevra het daaromtrent. Dit wil sê die persoon wou geweet het dat as ons nou soontoe gaan, sal ons nie gearresteer word daarvoor nie.

Weet u wie is die persoon? -- Dit is dieselfde persoon wat gestop was om te praat.

Wanneer het hy dit gesê? -- Na die besluit dat daar 'n optog gaan wees na Houtkop toe, het die persoon dit gesê.

Wat was die antwoord toe op sy vraag? -- Die antwoord op die vraag was dat ons vreedsaam gaan loop sonder enige lawaai en ons sal ons self gedra.

Was dit die hele antwoord gewees? -- Ja.

Kan jy onthou of daar enigsins verwys is as mense gearresteer word wat van hulle kinders sou word? -- Ja.

Wat was gesê? -- Die antwoord daarop was dat ons glo nie dat ons gevang kan word as ons niks verkeerd gedoen het nie.

Was daar nie 'n verwysing dat indien daar wel mense gearresteer was, dat sekere organisasies sal kyk na die kinders nie? -- Nee, dit was nie gesê nie.

Bedoel/...

Bedoel jy nou dit is nooit bespreek dat iemand anders na die kinders sal kyk nie as mense gearresteer word? -- Nee, dit was nie gesê nie.

Op hierdie vergadering, is dit reg, dat die mense was baie ernstig dat almal 3 September sou wegbly van die werk af? -- Ja.

En so ernstig dat hulle besluit het wat se voertuie mag loop en wat se voertuie nie mag loop op 3 September in die woongebied nie? -- Daar was nie ꞌn besluit geneem oor voertuie wat werk toe sou gaan nie.

Was daar nie ꞌn besluit geneem dat busse sou nie loop daardie dag, 3 September 1984 nie? -- Ja, daar was so ꞌn besluit geneem.

Was daar nie ꞌn besluit dat huurmotors mag nie loop op 3 September in die woonbuurt nie? -- Die besluit wat geneem was daaromtrent was dat daar ꞌn versoek gerig word aan die huurmotoreienaars om saam met ons te gaan na Houtkop toe.

En was daar ꞌn besluit dat huurmotors mag nie loop op daardie dag nie? -- Daar was ꞌn versoek gewees, ja, dat huurmotors nie opereer nie, maar hulle was nie verplig nie.

Is daar nie so ver gegaan dat besluit was dat die enigste voertuig wat daardie dag mag loop daar, wat toegelaat sal word om te loop, is die ambulanse nie? -- Ja, daar was so ꞌn besluit gewees.

En dat ook die enigste mense wat toegelaat sal word om te gaan werk daardie dag, was verpleegsters en mense wat met siek mense werk? -- Ja.

Was daar besluit op die vergadering hoe sal dit verhoed word daardie dag dat eie ander goeters soos busse loop of dat ander mense gaan werk? Wat is besluit, wie sal keer

dat/...

dat hulle gaan werk? -- Die besluit was nie gewees dat daar mense nou gekeer of verhoed moet word om werk toe te gaan nie. Die een wat kans gesien het om werk toe te gaan, kon werk toe gegaan het. Wat die busse betref, ŉ versoek sou gerig word, dit sou nie gewees het dat hulle verplig word om nie te opereer nie.

Dra jy kennis daarvan dat op 3 September 1984 was busse verhoed om passasiers op te laai in Sebokeng? -- Ek dra geen kennis daarvan dat daar ooit busse verhoed was om passasiers te vervoer nie.

Dra jy kennis daarvan dat mense verhoed was om te gaan werk en om op busse te klim om te gaan werk? -- Nee.

Dra jy kennis daarvan dat die busse later onttrek was uit Sebokeng? -- Op die betrokke dag?

3 September 1984? -- Ek weet nie daarvan dat die busse onttrek was nie.

Het die busse die heeldag geloop in Sebokeng volgens jou waarneming? -- In die nabyheid van my woning was daar geen busse wat ek opgemerk het wat beweeg het die dag nie. Ek sal u sê wat daar gebeur het, is na die bottelstoor aan die brand gesteek was, was daar toe ŉ deurmekaarspul gewees wat die polisie en die weermag betrek het sowel as die gemeenskap. Daar was klippe ook betrokke in daardie deurmekaarspul. So, dit was so deurmekaar gewees na hierdie voorval van die brandende bottelstoor en ek het geen bus gesien nie.

As jy nou sê daar was klippe ook gewees, waar was die klippe en by watter geleentheid? -- Toe die plek aan die brand was, het die polisie sowel as die weermag toe daar opgedaag by hierdie toneel. Dit was op daardie stadium

wat/...

wat ek opgemerk het dat daar klippe gebruik word soos ek nou demonstreer. Hulle het klippe gegooi. Dit het vir my voorgekom asof die mense met die polisie probeer baklei het

HOF : Is dit nou in die buurt van die drankwinkel? -- Ja.

MNR. JACOBS : Was dit baie mense wat met die polisie baklei het of probeer baklei het? -- Dit was 'n sekere klompie mense.

Was dit baie of nie? -- Soos ek alreeds gesê het, dit was 'n klompie.

Was dit van die mense wat die bottelstoor aan die brand gesteek het? -- Ek weet nie, want ek het nie gesien wie die drankwinkel aan die brand gesteek het nie.

Hoe laat het jy daardie oggend van 3 September 1984 opgestaan? -- Gewoonlike elke dag, dit wil sê elke oggend, om 05h00 is ek op.

Nadat jy opgestaan het 05h00 het jy ook buitekant gekom, buitekant jou huis? -- Ja.

Het jy enige plek heen gegaan daardie oggend vroeg om iets te gaan haal of te kry by die winkel of by die kafee of by enige plek? -- Ek het my erf uitgevee tot uit die hek uit.

Hoe laat het jy begin om die erf te vee? -- Onmiddellik om 05h00 toe ek opgestaan het, die eerste ding wat ek gedoen het, was om die erf uit te vee.

Hoe lank neem dit jou om jou hele erf uit te vee tot uit by die hek uit? -- Dit neem my omtrent 'n half uur.

Na dit, wat het jy toe gedoen? -- Ek het teruggekeer na die huis toe waar ek vuur gaan maak het en die as uit die stoof gehaal het en dit daar buite gaan uitgooi het.

Het jy baiekeer buite die huis gekom daardie oggend sê tot omtrent 09h00/10h00 se kant toe? -- Ja.

Het/...

Het jy op enige stadium jou huis verlaat daardie oggend?

HOF : Die perseel verlaat?

MNR. JACOBS : Die perseel bedoel ek? -- Nee, ek het nooit my perseel verlaat nie.

Het jy nie enige bure toe gegaan of iets van die aard nie? -- Nee.

Jy weet waar Mkhiwane se huis is? -- Ja.

Het jy nie daardie oggend iets gehoor wat aangaan by Mkhiwane se huis nie? -- Nee, ek het niks gehoor nie.

Het jy nooit gesien dat daar rook in die lug is daar by sy huis nie? -- Nee, ek het nie opgelet om rond te kyk nie.

HOF : Hoe lank het hierdie petalje by die drankwinkel daar naby u geduur? -- Van dit begin het tot sononder.

En dit het hoe laat begin? -- Tussen 11h00 en 12h00.

Bedoel u dat u die brand bemerk het tussen 11h00 en 12h00 en dat daarna die gevegte geduur het tot sononder en as u dit bedoel, bedoel u dat dit deurlopend was of van tyd tot tyd? -- Ek het die vuur opgemerk tussen 11h00 en 12h00 dat die plek aan die brand is. Daarna het ek bewus geword van hierdie voorval waar die polisie opgedaag het en die weermag en daar was toe 'n bakleiery tussen die klompie mense en die polisie. Dit het nie aan mekaar aangegaan nie, maar dit het gebeur dat dit weer op 'n stadium kalm is, dat daar nie weer 'n bakleiery was nie en dit het weer later begin tot sononder.

So, van tyd tot tyd? -- Ja.

Was dit altyd daar by die drankwinkel? -- Ja, altyd daar in die nabyheid van die drankwinkel waar hierdie voorval plaasgevind het dat die polisie dit onder beheer geha het op 'n stadium, maar dat dit weer begin het. Dit wil sê van

tyd/...

tyd tot tyd begin het. Dit was die besigste punt van hierdie voorval daar.

Was dit omdat die mense die drankwinkel probeer beroof het? -- Ja, daar was eintlik ook baie diewe gewees daar wat goedere weggedra het tussen die mense wat nie diewe was nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MARY ZULU, *nog onder eed*

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Ons het getuienis dat tussen die ure 08h00 en 09h00 daardie oggend van 3 September is die huis van mnr. Mkhiwane aan die brand gesteek. Het jy die rook daarvan gesien? -- Ek het nie opgelet nie. Ek het ook nie in daardie rigting spesifiek opgelet nie.

Toe hierdie biersaal gebrand het ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Is dit ŉ biersaal of ŉ drankwinkel?

MNR. JACOBS : Dit is ŉ drankwinkel. Ek kan net by haar duidelikheid kry.

HOF : Ons het tot dusver gepraat van ŉ "bottelstore" en ŉ drankwinkel.

MNR. JACOBS : Op ŉ stadium is daar vanoggend ook verwys na ŉ biersaal in die getuienis. Wat is dit wat daar gebrand het waar jy die moeilikheid gesien het waar die polisie ook opgedaag het? -- Dit is ŉ bottelstoor wat aan die biersaal grens.

Kom ons net duidelikheid kry. Wat het gebrand? Die bottelstoor of die biersaal of albei? -- Beide, maar die vuur het by die bottelstoor begin en toe verder gebrand tot dit die biersaal gevang het.

Toe die bottelstoor en die biersaal gebrand het,

het/...

het dit ŉ digte kolom rook veroorsaak? -- Ja.

Het jy uit die juis uitgegaan om te kyk wat daar aangaan? -- Ja, ek het.

Het jy daar na die brand toe gegaan? -- Nee.

Toe jy nou buitekant jou huis was om daar te kyk, het jy nie ook ander plekke gekyk of daar rook of brande is nie? -- Nee, ek het nie gekyk nie. Ek het net gekyk na dit wat my verbaas het daar van wat ek sien.

HOF : Hoe ver was dit van u af? -- Dit is vir my moeilik om vir u te sê presies wat die distansie is, maar wat ek wel kan sê is, dit is nie baie ver nie, maar jy moet deur die spruit gaan om by die bottelstoor te kom vanaf my huis.

Lê u huis aan die westekant van die drankwinkel? -- Ja.

En is u huis een van dié wat aan die oop stuk grond grens? -- Ja.

MNR. JACOBS : In dieselfde gebied waar jou huis is, is daar ook die Teachers Training College?

HOF : Is dit korrek? Lê dit in gebied 7B?

MNR. JACOBS : Sal ek dan sê omgewing. -- Ja, wat ook nie baie ver is van my huis af nie.

Is dit in dieselfde gebied as waarin jy woon, gebied 7B of is dit in ŉ ander gebied? -- Ja.

HOF : Lê dit binne-in die dorpsgebied, gebied 7B of lê dit aan sy kant, buitekant? -- Dit is geleë in die nabyheid van die ou kommissaris se kantore wat bekend staan as Masenkeng.

MNR. JACOBS : Ons het getuienis gehad dat daardie Teachers Training College ook die oggend van die 3de tussen 08h00 en 09h00 aan die brand gesteek is? -- Baie laat die middag het ek my perseel verlaat, in die rigting van die skool

geloop/...

geloop, in die nabyheid daarvan en omdat ek van die skool baie gehou het, het ek besluit om te gaan kyk of dit nie gebrand het nie.

So, jy het jou perseel dan verlaat daardie dag van die 3de? -- Ja, baie laat die middag. Ek was baie bekommerd gewees oor hierdie skool. Toe het ek besluit om te gaan stap en te gaan kyk of dit ook nie aan die brand gesteek was nie.

Maar hoekom het jy nou gedink die skool sal gebrand wees? -- Na ek gehoor het dat Mkhiwane se huis ook gebrand het en na die voorval van die brand van die drankwinkel en die biersaal, het ek toe besluit laat die middag na ek alles gehoor het, dat ek ook 'n bietjie moet gaan kyk, want my hart sou baie seer gewees het as daardie skool gebrand het. Dit is hoekom ek gaan kyk het.

Het jy op die perseel gegaan en rondom daardie skool geloop? -- Nee, ek het nie die perseel binnegegaan nie.

HOF : Het u kinders in daardie skool gehad? -- Nee, nie op daardie huidige oomblik nie. Ek was maar van plan as my kinders voortgegaan het met die onderwys, sal tot by daardie skool gaan vir onderwysopleiding.

U het skoolgaande kinders gehad? -- Ja.

Het u na hulle skole gaan kyk? -- Nee, dit is baie ver.

MNR. JACOBS : Waar was jou skoolgaande kinders die oggend van 3 September 1984? -- Hulle was by die huis.

So, hulle het nie skool toe gegaan nie? -- Nee.

Was dit as gevolg van die oproep dat ook die skoolkinders by die huis moet bly? -- Nee, omdat daar 'n oproep gemaak was dat die onderwysers ook by die huis moet bly.

Ek wil dit aan u stel dat die Sebokeng Skool het daardie oggend gebrand en dit is nie heeltemal korrek wat jy vir

die/...

die hof sê dat jy spesiaal gaan kyk het na die skool nie?

HOF : Stadig nou, stadig nou. Wat is dit presies wat u aan haar stel? Die Teachers Training College of die Sebokeng Skool of wat? Daar is verskillende skole en onderwysinrigtings in hierdie hele gebied. Ons moet presies weet. U kan enige terme kies, maar ons moet net nie lateraan 'n stryery hê nie.

MNR. JACOBS : Ek sal dit dan duideliker stel. Ek is jammer. Die Teachers Training College, het dit daardie oggend gebrand van 3 September? -- Ek het nie gesien dat die gebrand was die dag nie.

Het jy by enige ander plekke gaan ondersoek instel om te kyk of dit gebrand het? -- Nee.

Het jy enige padversperrings gesien terwyl jy nou die ondersoek gaan instel het? -- Padversperrings? Ek het nie opgelet of daar enigiets in die pad was nie. Hoe?

Klippe of brandende bande, asdromme? -- Nee. Op pad na hierdie skool toe gebruik ek die Putcobus se roete. Dit was skoon gewees. Daar was geen versperrings gewees nie.

HOF : Ek het nie op my kaart 'n Putcobus roete nie, behalwe as dit Nyembezistraat is. Het u met Nyembezistraat geloop daardie aand? -- Ja.

U het eers noord geloop tot by Nyembezistraat en toe wes met Nyembezistraat? -- Ja.

MNR. JACOBS : Toe u nou gegaan het om spesifiek te gaan kyk na hierdie Teachers Training College, was die insidente by die biersaal en die bottelstoor nog steeds aan die gang? --
K1039 Op daardie stadium was dit nog koel gewees. Dit beteken dit was stil.

Die dinge wat daar by die bottelstoor en biersaal aangegaan het, was daar geskiet? -- Ja, daar was geskiet.

Was/...

Was die mense wat met die polisie in botsing daar was nog daar gewees hoewel dit stil was? -- Daar? Waar?

By die biersaal en bottelstoor? -- Daar was wel mense gewees wat in daardie omgewing daar beweeg het.

Was die polisie ook nog op die toneel? -- Ja, die polisie en die weermag was nog steeds op die toneel.

En by Mkhiwane weet jy of toe dit aan die brand gesteek is of daar enige skietery was? -- Ek het nie opgelet nie. Mkhiwane se huis is baie ver van my huis af en as ek by my huis is, is my uitsig heeltemal versper. Ek kan nie sien waar Mkhiwane se huis geleë is nie.

Wanneer het jy gehoor dat Mkhiwane se huis is aan die brand gesteek? -- Eers die volgende dag het ek daarvan gehoor.

Maar dan verstaan ek jou getuienis nou glad nie. Netnou het jy vir die hof gesê die rede hoekom jy na die skool gaan kyk het daardie middag van 3 September 1984 was (1) weens die gedoente daar by die bottelstoor en biersaal wat gebrand het en (2) dat jy nadat jy gehoor het dat Mkhiwane se huis gebrand het, toe het jy besluit omdat jy so baie van die skool hou dat jy gaan nou kyk of die Teachers Training College brand? -- Ek het glad nie melding gemaak van Mkhiwane se huis nie toe ek gepraat het van die bottelstoor en die biersaal. Ek het gesê dat na aanleiding van die voorval dat die biersaal en die bottelstoor aan die brand gesteek was, het ek so geskrik dat ek gebewe het. Dit het my gemaak dat ek besluit het om na hierdie skool te gaan kyk omdat ek van die skool gehou het.

Was jy nie bang gewees dat hier is nou baie moeilikheid in die strate aan die gang nie, hier is plekke wat brand?

Daar/...

Daar vind skietery plaas. Was jy nie bang om jou huis te verlaat en te loop daar na die skool toe nie? -- By die kant wat ek gebruik het waar ek geloop het, met ander woorde, was dit stil gewees op die stadium wat ek daar verby is.

Is dit nie reg dat jy het nie geweet wat gaan daar voor aan nie, daar kan enige ding daar wees, dit kan gevaarlik wees? Was jy nie bang daarvoor nie? -- Op die stadium wat ek weg is, was dit stil gewees. Ek kon geloop het en ek was daarvan bewus dat daar geskiet word, maar indien ek raak geskiet was, sou dit dus beteken het dat hulle nie na my gemik het om te skiet nie, dit sou per abuis gewees het, maar die tyd wat ek daar verby was, was dit heeltemal stil gewees.

Behalwe vir die skietery by die biersaal en die bottelstoor, was daar enige skietery wat jy gehoor het in die woongebied die dag van die 3de? -- Daar was wel 'n geklap van skote gewees, al kan ek net nie sê waar presies dit was waar die skote gevuur is nie.

HOF : Dit is nou afgesien van by die drankwinkel en by die biersaal? -- Ja, afgesien van die twee was daar 'n geskietery gewees by die ander gedeeltes.

Kon u die rigting bepaal? -- Ja, ek kon byvoorbeeld hoor dat die skote nou gevuur word in hierdie rigting. Of dit nou heel voor was, voor my waar ek was of aan die kant kon ek dit bepaal.

Kan u net vir sê of dit noord, wes, oos of suid van u huis was? -- Ek kon bepaal vanaf my huis in watter rigting die skote gevuur is, byvoorbeeld as dit van die noorde af kom, het ek hoor dat dit van die noorde af geskiet word en as dit van die oostelike rigting was, kon ek nog bepaal dat dit van die oostelike rigting af was waar die skote gevuur

word /...

word.

Laat ons net duidelikheid kry. U kon dit bepaal het, maar wat het u gedink waar kom dit vandaan? Uit watter rigting? -- Die meeste gevalle waar die skietvoorvalle plaasgevind het was daar in die nabyheid wat ek kon sien. Wat die ander skote betref wat gevuur is wat ek nie kon sien nie, kan ek net vir die hof sê dat daar skote afgevuur is. Ek het nie geweet op wie daar geskiet was nie en wat presies daar gebeur het nie.

Ek wil net van u weet uit watter rigting dit gekom het? -- Die meeste van die skote wat gevuur is wat ek daar gehoor het, was vanaf die westelike rigting.

MNR. JACOBS : Het jy ook van ander rigtings af skote gehoor behalwe wes? -- Al wat ek kon hoor was dat die geklap van die skoot van rigting verander het.

En die skote, het jy hulle al van vroeg die oggend af gehoor? -- Dit was al in die dag gewees.

Kan jy vir ons min of meer sê watter tyd het jy die eerstes gehoor, wat jy nie kon sien nie? Laat ek dit vir jou duidelik maak. Nie hierdie by die biersaal nie, maar die ander skote, wanneer het jy die eerstes van hulle gehoor? -- Om en by 14h00 of 15h00.

Ek wil net een aspek met jou nog behandel. Ek wil net teruggaan na die vergadering van 26 Augustus 1984 ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Gaan ons nou weg van hierdie onderwerp af?

MNR. JACOBS : Ja.

HOF : Ek wil net 'n paar vrae vra. Ek neem aan dat u later, nou nie op 3 September nie, maar daarna in die woonbuurt 'n bietjie rondbeweeg het? -- Ja, ek het.

Watter/...

Watter plekke het u gesien wat beskadig is deur oproer of wat gebrand is? -- Ek het Mkhiwane se huis ook na dit gesien.

Dit is nou Mkhiwane. Ons weet van die biersaal. -- Die ander plekke kon ek nie sien nie. Ek sal vir u sê hoekom nie, want die meeste van die gevalle waar ek gesien het was in die môre as ek nou na die biduur toe gaan by die kerk. Op pad het ek toe wat ek genoem het gesien.

MNR. JACOBS : Het u ooit agterna gesien dat die Teachers Training College gebrand was? -- Ja.

Net vir duidelikheid, hierdie biersaal en die bottelstoor is dit een gebou of is dit twee verskillende geboue wat naby mekaar is? -- Ek sal sê dit is een gebou, want daar is nie twee aparte geboue wat daar staan nie.

HOF : Het dit ŉ naam soos "Lekker lyk" of iets van die aard? -- Ek dra geen kennis daarvan nie. Dit is aan my net bekend as die biersaal en die drankwinkel.

MNR. JACOBS : Wie is die eienaar van daardie drankwinkel? -- Ek weet nie wie moet ek sê die eienaar van die plek was nie. Al wat ek vir u kan sê is dat die werknemers daar was swart mense gewees.

En die biersaal weet jy ook nie wie was die eienaar daarvan nie? -- Nee, ek weet nie.

Die aspek waarnatoe ek terug wil gaan is die vergadering van 26 Augustus 1984, die een wat jy bygewoon het by die Roomse Kerk. Toe die mense wat daar sprekers was die aanvalle op raadslede geloods het en hulle daar sleg gemaak het, was enige raadslid by name genoem? -- Nee, ek het niemand se naam gehoor wat daar genoem is nie.

Ken jy ŉ raadslid met die naam van Rabotapi? -- Ek ken

hom/...

hom nie persoonlik nie.

Weet jy dat hy is die burgemeester van Evaton? -- Ek hoor vir die eerste keer hier nou.

So, jy het dit nie geweet nie? -- Nee.

Was sy naam glad nie genoem op daardie vergadering van 26 Augustus nie? -- Ek weet nie of sy naam daar genoem was nie.

Ken jy enige persoon of 'n raadslid met die naam van Liphoko? -- Hy was ook 'n beroemde man gehoor.

Jy het van hom geweet? -- Dat hy 'n beroemde persoon was, ja.

Was sy naam genoem op daardie vergadering? -- Nee, ek het glad nie gehoor dat sy naam genoem word nie.

Het jy 'n mnr. Kabi geken? -- Kabi?

Ja, Kabi. Ek weet nie hoe spreek 'n mens dit uit nie? -- Nee, ek ken hom nie.

Het jy geweet van 'n organisasie soos die Evaton Rate Payers Association? -- Nee, ek weet niks daarvan nie.

Kan jy vir die hof sê of iemand daar op daardie vergadering gepraat het namens die Evaton Rate Payers Association? -- Nee.

Kan jy vir die hof sê was daar enigiemand wat gepraat het oor Evaton op daardie vergadering? -- Ek kan definitief nie onthou dat daar ooit melding gemaak was van Evaton nie.

RE-EXAMINATION BY MR BIZOS : No questions.

GEEN VERDERE VRAE.

TOLK VERDUIDELIK AAN GETUIE DAT SY VERSKOON WORD VAN VERDERE BYWONING OP VOORWAARDE DAT INDIEN SY BENODIG SOU WORD, SY BESKIKBAAR MOET WEES EN MOET KOM.

MAKALO/...

MAKALO NATHANIEL MAPHALLA: d.s.s. (Through Interpreter)

EXAMINATION BY MR BIZOS: You are 47 years of age and do you live at 12195 Zone A, Sebokeng?

COURT: Zone A?

MR BIZOS: Zone 7A, I am sorry. -- That is so.

Married and have children? -- That is so.

And are you employed by P.G. Glass in Vereeniging? -- That is so.

And in relation to your residence and your work was that the position in 1984? -- Yes.

Now did you become aware of a plan to mark to Houtkop on 3 September 1984? -- That is so.

How did you come to hear about that? -- It was because this was being discussed all over there, in the buses, wherever one goes where there are come togethers you would find people discussing this.

And in relation to 3 September how long before 3 September did you hear about this? -- A week before the week of 3 September.

COURT: Just a moment now. So in the week before the week of 3 September? -- That is so.

MR BIZOS: Just to get clarity how many days would you say before 3 September did you hear about the ... -- I do not quite remember. Between four and five days before that date.

Before. Yes. And why was there going to be a march, did you hear? -- Yes I heard.

Why? -- That was because the rent was being increased with an amount of R5,90.

How did you feel about this idea of the rent increasing by R5,90? -- My feeling was that this was too much and it

is difficult to afford. It is going to be a heavy burden.

And did you decide to take part in this march? -- That is what I decided, yes.

Were you to go to work on 3 September? -- Yes I was supposed to have gone to work.

Did you decide not to go to work? -- That is so.

Had you attended any meetings or read any pamphlets about this rent increase and the march or not? -- I only heard from people about this, I did not attend a meeting.

Did you see any pamphlets? -- No I did not have a pamphlet.

Did you hear any broadcasts over loudspeakers? -- No I did not.

COURT: Did you notify your employer that you were not coming on the Monday? -- Yes I did notify him.

MR BIZOS: Were you alone from that, from P.G. Glass that was not going to come to work and going to take part in this march or were your fellow workers doing the same? -- At the time I had just thought for myself.

Did you think that there would be anything illegal in your staying away from work or taking part in this march? -- I never thought about that.

Had you ever been a member of the VCA or the Vaal Civic Association? -- No I was not involved in that organisation.

Have you heard about it? -- Yes I heard about it.

Before joining this march did you know who organised the march? -- I heard that it was the VCA.

Was this march spoken about openly or did people whisper about it? -- It was discussed openly in public.

Did you regard the Vaal Civic Association as a lawful

or an unlawful organisation? -- I took it to be lawful.

Well did you set off to the starting place of the march on the morning of the 3rd? -- Yes I did go there.

Now did you walk or did you ride to the starting place? -- I went on foot.

Did you see any obstructions on the road whilst you were walking towards the starting point of the march? -- No I did not.

Did you eventually arrive at the Roman Catholic Church, Small Farms? -- That is so.

MNR JACOBS: Edele ek versoek dat mnr Bizos nie die getuie so sal lei nie en die name aan hom gee nie. Dit getuienis wat sover gelei was is dat hy na die "starting point" van die mars sou gegaan het en daar was nooit voorheen gesê dat dit sou by die Rooms-Katolieke kerk waar hy sou aangesluit het nie, en versoek dat die leidende vraag nie gestel word nie aan die getuienis nie en die antwoord daarop gegee word nie.

MR BIZOS: I always thought that on undisputed matter one could lead the witness but ...

COURT: Well we have not heard so far that this march was not in Boiphatong, Bophelong or Sharpeville.

MR BIZOS: As Your Lordship pleases. During these discussions that were taking place in buses and other places was there mention as to where the march would start from? -- Yes it was said.

Where, what was said? -- The starting point was said to be the Roman Catholic Church in Small Farms.

Yes, and did you, you have already told us you went there? -- That is so.

Can/....

Can you recall more or less what time you arrived there? -- If my memory serves me well it was between 08h10 and 08h30 in the morning.

What did you find when you got to the, or what did you see when you got to the immediate vicinity of the Roman Catholic Church, Small Farms? -- I noticed people entering the premises of the Roman Catholic Church in Small Farm, walking in the direction of the structures of the church, that is the hall.

How many people were there more or less when you arrived? -- I estimated the number of the people I found there to have been between three and four hundred.

Where were they? What part of the church property were they? -- These people were in the vicinity of the hall entrance.

Yes and what did you do when you arrived? -- I went up to them and joined the people standing there.

Did they remain outside the hall? -- No after a short time these people were invited to go into the hall.

Did you see who was inviting them? -- Yes I noticed a certain man there inviting them to go into the hall.

Did you know this man? -- No I did not know him.

Did you yourself go into the hall? -- No I did not.

Was that out of choice or for any other reason? -- When I went near to the entrance, that is the door leading into the hall, I noticed that people were standing there in a group, that is in the doorway itself. As a result of which then I got the impression that the hall was full.

Did you remain outside? -- Yes I remained outside.

Did you see any people making anything outside? --

Yes/...

Yes I did see some people doing something outside there.

What were they doing or making? -- They were writing placards.

How many people were doing this, can you recall? -- If I remember well they were four or five.

Do you remember what they were writing on the placards? -- Some I do remember, yes.

What do you remember? -- Asinamale, "Away with High Rent", those are the two that I clearly remember.

COURT: Was this written on one placard, both the phrases, or did one placard have "Asinamale" and another placard have "Away With High Rent"? -- These were two different placards on which the phrases were written.

MR BIZOS: Did you see the words "Away with Mahlatsi and his brothers" on any placard? -- Not at all. I did not see that.

Or "Kill Mahlatsi and his brothers"? -- I did not see that one at all.

Did you see any placard advocating violence against any councillors or their property or any public property? -- There was no such a placard.

Could you hear what was going on in the hall? -- I could not hear.

Can you remember how long the meeting in the hall lasted? -- About ten minutes.

Did you see the people coming out of the hall? -- Yes I did see them coming out.

Whilst this meeting was on for about ten minutes had the number of people outside that hall increased or decreased? -- It increased.

Did anybody speak to the people who were outside? Or,

I/....

I am sorry I will amend the question. Did anybody speak outside the hall? -- Yes there was a speaker.

Who was this speaker? -- Two men acted as speakers outside there one of whom was a stranger to me. The other one was known to me as Uncle Matlole.

Please have a look at court and tell us whether Uncle Matlole is here? -- That one seated there.

Will you stand up please. Accused no. 17. How did you know Uncle Matlole, accused no. 17? -- He is known to me as a collector of our dry cleaning clothes in the area where I live.

And did he actually, did he collect your dry cleaning or your family's dry cleaning? -- Yes he used to collect it in my house.

Did accused no. 17 speak before or after this man that was a stranger to you? -- After the stranger did he speak.

What did the stranger say? -- What he said was, I quote "Our aim is to march to Houtkop".

Did he say anything else? -- And further said that we must behave ourselves well until we reach Houtkop.

Was there anything else? -- He further said should it happen that the police stops us there we must not be frightened because he the stranger he is going to talk to the police.

Can you recall whether he said anything else? -- If I remember well that was all he said.

Can you recall what Uncle Matlole, accused no. 17, said? -- He made a request to us that the march must not move fast because there are people who are quite grown up also taking part in the march who may not be able to cope with a fast pace. Therefore we must move slow.

What/....

What do you say to the allegation that the stranger and Uncle Matlole and another outside the hall said that the marchers must kill the councillors? -- That is a lie, it is not true.

Well do you say that the stranger and Uncle Matlole told the marchers that they must destroy the houses of councillors? -- I repeat it is a lie. No such words were uttered.

What do you say to the allegation that the two speakers said that the property belonging to the board and other public bodies should be destroyed? -- I say it is a lie. No such words were said.

What do you say to the allegation that the two speakers said that the property of the bus company should be destroyed? -- I still repeat and say that such words were not said there.

Did either of the speakers advocate the use of any violence in relation to this march or anything else? -- Not at all, none of them ever encouraged that.

Whilst we are dealing with one of the accused I want you to please have a look around and see if you know any other accused?

COURT: Indicate to the witness that there are three accused sitting in front here.

MR BIZOS: Yes, please also have a look that there are three sitting in front of the dock and all these people here in the dock. Do you know ...

COURT: Will you now repeat everything you said into the microphone.

MR BIZOS: Please have a look at everyone in the dock and also the three sitting on chairs in front of the dock. -- There are some of them that are known to me.

Yes. Please tell us who? -- I see Petrus Maloyi.

COURT: Let him stand please.

ASSESSOR (MR KRUGEL): Petrus Maloyi? -- Mokoena, sorry.

COURT: Let him stand please. That is no. 6?

MR BIZOS: 6. -- David Mphuthi.

COURT: Let him stand please.

MR BIZOS: That is accused no. 7 My Lord.

COURT: No. 7, yes.

MR BIZOS: Anyone else? -- Lekhoakhoa.

Will Lekhoakhoa please stand up.

COURT: Lekhoakhoa? Who is Lekhoakhoa?

MR BIZOS: Accused no. 9, that is what he is affectionately known as. It is not his, accused no. 9. -- Uncle Matlole.

Yes you told us about him. Do you know anybody else? -- Those are the only people I know.

Yes, where do you know the people that you know, you have told us about Uncle Matlole. Where do you know the others from? -- I know Petrus Mokoena as my team mate. We used to play soccer together therefore he was our goalkeeper.

COURT: Long ago or recently? -- Long ago.

Yes I thought that because you do not look very fit at the moment.

MR BIZOS: Yes, Mr Mphuthi, where do you know him from, David Mphuthi, accused no. 7? -- I have known him when he was still attending school in Evaton. That is at the Roman school.

COURT: Were you together? -- Yes we were together, he is my schoolmate.

MR BIZOS: And accused no. 9, Lekhoakhoa? -- We live in the same area with him, the same vicinity.

COURT: What does Lekhoakhoa stand for? -- There is a kraal

in/....

in Lesotho known as Lekhoakhoa and because he once was in Lesotho we then used to say to him that he originates from Lekhoakhoa. Therefore his name is Lekhoakhoa.

MR BIZOS: Now did you see any, you have already told us that you saw accused no. 17, Uncle Matlole, there on the morning of the 3rd. Did you see any other accused there? -- Yes I did.

Who? -- Lekhoakhoa.

COURT: That is now no. 9.

MR BIZOS: Do you recall what he was doing? -- When I arrived there he was busy directing the people arriving at this meeting, or at this place, which direction to go. That is indicating the direction of the hall.

And did you see him again? -- Yes I did.

Where did you see him? -- That is when he was arranging the placard carrier's position just prior to the march leaving.

Where was the march arranged, in the church quadrangle or on the road? -- In the quadrangle between the church and the hall.

Did you get a chance to look at the placards? -- The only chance I had was when they were busy being written. Otherwise after that no. I did not have any chance of seeing them.

Did you yourself fall in in preparation for the commencement of the march? -- Yes I did that.

Can you give us some idea whether you were towards the front, the middle or towards the back, where were you on the march? -- At that time I was in the middle of the march.

How many people would you say were as the march was about to start off? -- Between five and seven hundred people were there.

Give/....

Give His Lordship some idea of the predominant age group? -- Between the ages of 20 and 40 years.

And were there people older than 40? -- Yes there were.

And what about people younger than 20 or much younger than 20? Were there any of those? -- Those under the age of 20 according to my judgment were about 18 years of age.

Were there any children of say 12, 14, 15, 16, young schoolchildren, on the march? -- Not at all. They were not there.

COURT: Were there no children looking on? -- There were children looking on from inside their premieses, their parents premises.

Did they not attempt to join? -- There were marshalls there who were stopping children from coming in. Marshalls in fact were there to supervise the march.

MR BIZOS: You left the church premises and did you get onto the road? -- That is so.

Were the people marching quietly or not? -- They were singing.

What were they singing? -- Siyaya, siyaya e Houtkop was sung.

As you were going along the road did you notice whether or not there were any obstructions on the road? -- No I did not.

Did people join the march as it progressed along its way? -- Yes in big numbers.

Did you see anyone forcing anyone else to join the march agains his or her will? -- No I did not notice that.

Did you see any property belonging to the transport company, be it a ticket office or a bus shelter or any

other/....

other structure being destroyed by those taking part on the march as you were going along? -- No I did not see anything being destroyed.

Did you see any people wearing any particular type of T shirt on this march? -- No I did not see that.

COURT ADJOURNS UNTIL 14h00.

C.1040 COURT RESUMES AT 14h00.

MAKALO NATHANIEL MAPHALLA: d.s.s. (Through Interpreter)

FURTHER EXAMINATION BY MR BIZOS: Do you know whether or not there is a teacher's training college near the Catholic Church, Small Farms? -- I know of a college called Venter.

Does that train teachers? -- Yes, at that time.

And is it near the church? -- Quite near, not close to the church but quite near.

On the morning whilst you were marching did you notice whether or not any smoke was coming from Venter's? -- No I did not notice that.

As you were going along did you approach a BP garage? -- Yes it happened.

Has it got any other name? -- Yes it has.

What is it? -- Moloantoa Motors.

Did the march proceed at the same pace when you were marching by this garage? -- The pace slowed down while heading for this garage.

Was there any apparent reason for this? -- Not immediately when this pace dropped. It was only after one tried to look around and see what the cause was of this pace was slowing down that I noticed a group of people being together in looking up.

What do you mean being together? I do not know whether

His/....

His Lordship noticed but you put the fingers of one of your hands into the fingers of the other. What do you mean by that? -- They were in such a way that one would described in English as bunched up.

Bunched up.

COURT: That group, was that group part of the march or not part of the march? -- I took it it was just a group of people joining the march like on our way there were different people who joined the march from different directions.

Where were you at this stage in relation to the beginning and the end of the march? -- I had dropped back towards the tail, that is from the middle of the march towards the back of the march.

Were you at the back? -- I was between the back and the middle of the march, that was my position.

So can one say you were in the last quarter of the march? -- That is what I am saying, yes.

MR BIZOS: You say that groups were joining the march. This group that bunched up and slowed the pace of the march was that the same sized group or bigger or smaller than the groups that had joined the march up to then?

MNR JACOBS: Edele hy het nog nie gesê dat hierdie groep het die mars vertraage nie. Hy het net gesê hy het ŉ groep gesien. Mnr Bizos lei dit nou weer dat hierdie groep het die mars vertraag, ons weet nie of dit so is nie. Hy stel dit en ek maak beswaar dat die leidende vrae op hierdie wyse gestel word.

COURT: Why do you not ask the witness what he saw?

MR BIZOS: As Your Lordship pleases. I thought he said that he looked up and saw the reason for the ...

COURT: And he said the reason was not immediately seen and then he noticed a group of people together, bunched up.

MR BIZOS: Yes I, yes, this group was it smaller or bigger than the others? The other groups that had joined the march? -- According to my judgment this group was smaller than the people who were taking part in our march.

I will repeat the question. I do not think that I managed to get my meaning across to you. This group that ...

COURT: Do you want to sit? -- I will sit down when I feel tired.

MR BIZOS: This group that bunched up with the march, in relation to the other groups that had previously joined the march was it smaller or bigger? -- It was bigger than the groups that had joined the march.

What happened to this group? -- After a delay of about five minutes when this paced had dropped it again increased, that is the pace in which we were moving, went back to normal what it was prior to this delay.

And did you, did the march continued? -- That is so, the march continued.

And did you, did it go straight on or did it take a turn? -- It took a turn with the main road where the road itself was making a curve (as indicated by the witness) to the right.

Leading to where eventually? -- Leading to the direction of the post office.

Now whilst this turn was being taken did your march break up and did people go into a lane or any other place or did they continue marching on the tarred road? -- According to what I saw happening there the march proceeded.

Did you see any smoke of an unusual nature as your were

approaching/....

approaching that turn to the right? -- I did not notice an unusual smoke.

Are the skies always clear in Sebokeng? -- In most cases in the morning, because the majority of the people make fire it appears in the sky as if there is some mist.

Was there this mistlike smoke in the air on this particular morning? -- Yes as usual, which was a daily thing.

Did you hear any shots being fired? -- No I did not hear any shots being fired, if there was any shot fired. That is because there was some singing going on.

Were you singing as you were going along up that turn? -- Yes there was singing taking place. In fact we were singing.

What were you singing? -- Siyaya e Houtkop was the song which we sung.

Had the march grown bigger by this stage?

COURT: By what stage are we at?

MR BIZOS: The turn, sorry My Lord, as you were approaching the turn? -- Yes it had grown bigger.

Did you see any group of marchers leaving the march at the turn? -- No I did not see that.

As you were taking the turn were you aware of any damage done to the late Caesar Motjeane's house or that the late Caesar Motjeane had been attacked? -- No I did not have that knowledge.

COURT: Did you know where Caesar Motjeane lived? -- No I did not know where he lived.

MR BIZOS: Did the march proceed to the post office that you told us you were heading for? -- That is so.

Did you see anyone damaging or attempting to damage the post office? -- No I did not see anybody.

Do you know Hunter's Garage? -- Yes I know the garage.

Did anything happen as you were approaching Hunter's Garage? -- Yes something did happen.

What? -- Our march again dropped the pace at which it was approaching.

Yes, carry one, what did you see or hear? -- It went on like that that the march was reducing the pace until at some stage when the march stopped.

Could you see why? -- When I looked up front I noticed Hippos obstructing the road.

COURT: Hippos? -- Hippos yes.

MR BIZOS: Yes. In what position were you in relation to the march as a whole at this stage? -- I was in the vicinity of the last quarter of the march.

Yes. What was happening as the march was about to stop and stopped? -- What happened there is that there was a sudden quiet of singing which means the song stopped. Then the next thing I heard shots being fired. Immediately thereafter I noticed a helicopter which emerged from the direction of the administration offices.

What sort of shots were they? -- I do not know what exactly was shot there. All I heard was that some shots were being fired from a gun.

What did the people do? -- The people dispersed and ran away.

Could you see well what was happening? -- I could not see well because at that same stage the helicopter was spreading some powder which causes tears to run from peoples eyes.

Before there were shots and before the helicopter spread this powder was there any order that you heard to disperse?

-- I/....

-- I did not hear that.

What did you do? -- I ran into a nearby yard and took cover into the toilet of this yard.

Whilst you were on the march did you see any obstructions on any road? -- No I did not.

After the marchers were dispersed and you went and hid did you come out of hiding? -- Yes I came out.

Where did you go to? -- I went home.

Whilst on your way home did you see any acts of violence being committed along the way? -- What I noticed was when I came to the vicinity of the post office the road there was obstructed with stones.

Is this on your way back? -- Yes on my way back home.

Did you see anything else? -- On passing at the Administration Board offices at which vicinity there is a bottle-store ...

COURT: Which Administration Board? -- That is Zone 11. I noticed that people were carrying liquor away from the bottle-store and the office was in flames.

MR BIZOS: What did you hope to achieve by joining this march Mr Maphalla? -- What I hoped to achieve was that the Council which was in the authority was going to take heed to our complaint and not increase the rent.

Did you have any motive other than that in joining this march? -- No not at all.

ASSESSOR (MR KRUGEL): Could you please Mr Bizos just explain what you mean by the Council? -- I mean Lekoa Town Council.

MR BIZOS: Thank you My Lord, I have no further questions.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Maphalla, ek wil vir u ŉ dokument wys, ŉ kennisgewing wat uitgegee was in

die/...

die week voor die optog. Dit is BEWYSSTUK AN15(ii). Hierdie kennisgewing was uitgegee daar in die woongebiede en veral in Sebokeng ook. Het jy so 'n kennisgewing gesien en gelees? -- Ja, ek het dit gesien.

Was dit voor die optog gewees? -- Ja, dit was voor dit gewees.

Jy het vir die hof gesê dat jy het gehoor van 'n optog en dit is algemeen bespreek die optogte in die woongebiede en op die busse en op die treine? -- Ja, ek stem saam.

Is dit reg, jy het dit gehoor op treine? -- En die taxi's.

En op die busse? -- Ek het dit by die taxi's en die busse dit gehoor.

So, jy het dit algemeen gehoor?

HOF : Het u AN15(ii) of AN15(iv) aan die getuie voorgehou?

MNR. JACOBS : AN15(ii). In die besprekings was dit ook bespreek dat mense, die inwoners in die hele Vaaldriehoek sou ook op ander plekke bymekaar gekom het, onder andere by die kerk, Anglikaanse Kerk in Sharpeville? Dat hulle ook bymekaar sou kom in Boipatong in die vierkant en in Tsirela sou hulle ook daar by 'n kruising bymekaar gekom het en dat al hierdie mense op hierdie verskillende punte op daardie dag en saam met een by die Roomse Katolieke Kerk in Small Farms, sou hulle almal daardie selfde dag beweeg het na Houtkop toe? -- Ek weet van wat Sebokeng betref, want ek is 'n inwoner van Sebokeng.

So, is dit net die Sebokeng optog wat bespreek was en nie die ander nie? -- Waar ons gepraat het te Sebokeng het ons gepraat van wat Sebokeng betref en ons het te Sebokeng gepraat.

Nie/...

Nie op die busse en in die treine nie?

MR BIZOS : The witness has disavowed the trains twice. My learned friend introduced the trains and slipped by the first time and then the second time and the third time he said the taxi's and the buses.

COURT : I did not hear the taxi's and the buses.

MR BIZOS : Well, I heard it and I am sure that the record will bear me out.

COURT : Well, we can play it back if necessary.

MNR. JACOBS : toe ek van die treine gepraat het, het hy bygevoeg "En die taxi's."

HOF : Speel die rekord terug. (Band word teruggespeel) Ek wil op rekord plaas ond het die band teruggespeel. Mnr. Jacobs se vraag het betrekking gehad op busse en treine in die woongebiede en die tolk het getolk tussen en taxi's. Ons sal die vraag moet oor stel. Begin weer voor.

MNR. JACOBS : Die bespreking van hierdie optog, het jy dit gehoor op treine? -- By die busse en die taxi's.

Wat nou van die treine? Ek vra jou spesifiek het jy dit gehoor op treine? -- Ek maak nie gebruik van treine as ek werk toe gaan nie. Ek gebruik die busse en die taxi's.

So, jy het dit gehoor in busse en in taxi's? -- By busse en taxi's.

Het jy dit gehoor in die woongebied self by winkels of by plekke waar mense bymekaar kom? -- Ja, waar die mense bymekaar gekom het, het ek dit gehoor.

Kom jy by ŉ biersaal? -- Nee, ek gaan nie by ŉ biersaal nie.

Watter plekke noem jy waar mense bymekaar gekom het waar dit ook bespreek was? -- By die sjebeens en by plekke

waar/...

waar mense miskien partytjies gehou het.

Ek wil nie van miskien weet nie. Asseblief, voordat ons weer - laat ons net duidelikheid kry. Ek vra waar jy was, waar mense bymekaar gekom het en dit bespreek het, het jy in daardie tyd gehoor mense bespreek dit in sjebeens? -- Ja.

Watter ander plekke het jy dit gehoor?-- En by verskillende soorte partytjies wat gehou word oor die naweke deur mense.

By al hierdie plekke - het jy dit by die werk gehoor? Dat dit bespreek is by die werksplek? -- Ja, selfs ook by die werk. Mense het gesels.

En is dit nie net mense van Sebokeng nie, maar mense ook van ander gebiede wat gepraat het? -- Normaalweg, mense wat in dieselfde area of woonbuurt bly, sal altyd bymekaar sit alleen en dus met mekaar gesels.

Kan jy vir die hof sê, ek weet nou nie, ek vra vir jou, was dit ooit nie genoem nie onder die mense waar hulle sê dat hierdie gaan nou ŉ groot eenheidspoging wees van die hele Vaal se gebied? -- Ons het Sebokeng daar bespreek.

Antwoord nou maar net my vraag wat ek vir jou vra. Het hulle dit nie genoem dit gaan ŉ groot eenheidspoging wees nie? -- Ek praat van mense van Sebokeng, want ek het dit met die mense van Sebokeng bespreek.

Is dit nou ja of nee? -- Ek het alreeds verduidelik dat dit het te doen met Sebokeng se mense.

Wil jy vir die hof sê dat jy het niks gehoor ooit dat daar sal van Sharpeville, Boipatong en Tsirela ook dieselfde dag optogte wees wat in ŉ eenheidspoging almal sal gaan na Houtkop toe nie? -- Wat Houtkop betref, dit is mense van Sebokeng wat daaromtrent gepraat het, want Sebokeng is

geleë/...

geleë naby Houtkop. So dit is daardie mense wat daarvan gepraat het, wat in staat sou gewees het om by Houtkop uit te kom.

Moet ek nou verstaan dat die ander plekke se mense sou nie in staat gewees het om by Houtkop uit te kom nie? -- Ek weet nie.

Maar my vraag was 'n eenvoudige vraag gewees. Jy kan dit net met 'n ja of 'n nee antwoord. Was dit genoem gewees ook dat daar sou optogte gaan van Sharpeville, Boipatong en Tsirela na Houtkop toe? -- Ek het nie van Sharpeville, Bophelong en Tsirela gehoor nie.

Het jy kinders wat in die skool is? -- Ja, ek het 'n kind wat in die skool is.

Waar het hy skool gegaan durende September 1984? -- Jordaan.

Is dit in Sebokeng? --Dit is in Evaton.

HOF : Is Jordaan die naam van die skool of van die streek? -- Dit is die naam van 'n skool.

MNR. JACOBS : En jy sê die skool is geleë in Evaton? -- Ja, dit is in Evaton.

Op 3 September - laat ek dit net so kry, hoe oud was jou kind wat skool toe gegaan het op 3 September 1984? -- 14 Jaar oud.

'n Seun of 'n dogter? -- Dit is 'n dogter.

Die dogter van jou, het sy daardie dag skool toe gegaan? -- Nee, sy het nie skool toe gegaan nie.

Is dit omdat hierdie kennisgewing wat ek netnou vir jou gewys het ook gesê het dat die kinders sal nie daardie dag na die skool toe gaan nie en die kennisgewing waarna ek verwys het is BEWYSSTUK AN15(ii). Is dit reg? --

My/...

My kind het nie skool toe gegaan nie omdat ek dit goed gevind het dat sy nie skool toe gaan nie, want die onderwysers sou nie daar gewees het nie. Dus sou daar geen onderwys gegee word by die skool nie.

HOF : Die skool is in Evaton? -- Ja.

Was daar die huur ook verhoog? -- Ek weet nie so goed nie.

Maar het u nou geweet of die onderwysers sou gaan werk of nie sou gaan werk nie in Evaton? -- Die besluit is dat die optog gaan begin te Small Farms. Small Farms is ŉ gedeelte van Evaton.

MNR. JACOBS : *Hoe het jy geweet onderwysers sal nie gaan werk nie?* -- Omdat dit gesê was dat niemand hierdie dag werk toe sal gaan nie.

Wat is gesê wat sal gebeur as die mense werk toe gaan? -- Dit was nie gesê wat sal gebeur as die mense werk toe gaan nie.

Weet jy waar is mnr. Mkhiwane se huis? -- Nee, ek weet nie.

HOF : Waar het u gewoon of waar woon u in gedeelte 7, gebied 7? -- Zone 7A is waar ek woon.

Ken u Jokozela se winkel of besigheid? -- Nee, ek ken nie sy besigheid nie.

Ken u Jan Mokoena? -- Ja, ek ken vir Jan Mokoena.

Is hy ŉ raadslid? -- Hy was ŉ raadslid gewees.

Waar woon u in verhouding met sy huis? -- Omtrent twee kilometer ver van sy huis af.

Aan watter kant van die spruit? Aan sy kant van die spruit of aan die westekant van die spruit? -- Aan die westekant van die spruit.

Woon/...

Woon u naby Vilakazistraat? -- Ja.

Hoe naby? -- Dit is op die hoek van die twee strate Mopedi en Toto. Dit wil sê van Vilakazi af, die tweede straat op die hoek.

MNR. JACOBS : Volgens jou kennis, wat was die doel van die opmars? -- Dit was om die Lekoa stadsraad te gaan laat weet dat ek nie kan bekostig om die verhoging op die huur te betaal nie.

Was dit nou net ten opsigte van jou - was die doel van die opmars net ten opsigte van jou of was daar ŉ ander doel vir hierdie mars? -- Dit was eintlik vir al die mense wat sê dat hulle nie in staat is om dit te betaal nie.

MR BIZOS ASKS PERMISSION FOR ACCUSED NO. 20 TO BE EXCUSED.

HOF : Wat was u inkomste? -- R65,00 per week.

MNR. JACOBS : Het u vrou gewerk? -- Nee, sy het nie gewerk nie.

Hoeveel huur het u betaal? -- R50,50.

HOF : Voor die verhoging? -- Ja.

MNR. JACOBS : Sedert daardie datum, het jy ooit weer huur betaal? -- Nee, ek het nog nie betaal nie.

Wat was besluit of wat was die kennis gewees hoe sou dit aan die raad oorgedra word dat die mense nie bereid is om die verhoogde huur te betaal nie? -- Die leiers van die optog was die persone gewees wat dit sou oorgedra het.

Het jy geweet wie sou die leiers van die optog wees wat julle klagtes sou oordra? -- Ek ken nie al die leiers van VCA nie.

Ek vra nie of jy al die leiers van VCA ken nie. Ek vra ken jy die name van die leiers wat dit sou oorgedra het daar by Houtkop aan die mense, aan die raad? -- Nee, ek weet

nie/...

nie.

Hoekom het jy verwys na VCA? Sou dit VCA se leiers gewees het wat dit moes oordra?-- Ja, hulle is die persone wat dit moes oorgedra het.

Hoe weet jy dit? -- Want hulle is die persone wat die mense daar in die optog gesê het hoe om hulle self te gedra. As gevolg daarvan het ek toe aanvaar dat hulle die persone is wat die leiers is.

HOF : Hoe het u geweet dit is die VCA se mense wat toesig hou by die optog? -- Want dit was gesê dat hierdie organisasie van VCA is eintlik die liggaam wat organiseer dat die griewe na Houtkop toe geneem moet word.

MNR. JACOBS : Was dit daar op die vergadering voor die vertrek na Houtkop gesê, toe die mense julle daar buitekant toegespreek het? -- Nee, nie terwyl ons daar buite gestaan het nie. Dit was nie gesê nie.

Was dit gesê of hierdie griewe oorgedra sou word mondelings of sou dit 'n skriftelike stuk wees wat daar oorgedra sou word? -- Dit was nie verduidelik nie.

Het iemand ooit by jou gekom om enige petisie te teken wat aan die outoriteite by Houtkop oorhandig moes word? -- Nee, niemand het my genader daaromtrent nie.

Weet jy van enigiemand in daardie week voor 3 September 1984 wat enige petisie geteken het? -- Ek weet van niemand nie.

Voordat julle vertrek het daar van die kerk af op pad na Houtkop toe, was daar enigiets gemeld omtrent 'n petisie en was daar 'n petisie beskikbaar? -- Niks was gesê daaromtrent nie.

Die oggend voordat jy na die kerk toe is - toe jy na

die/...

die kerk toe is om daar aan te sluit, dit is die oggend van 3 September 1984, hoe laat het jy jou huis verlaat? -- Om en by 07h50 of 07h55 het ek my huis verlaat.

Hoe laat het jy gearriveer by die kerk? -- Tussen die tye 08h10 of 08h20.

Jy sê jy het geloop van jou huis af na die kerk toe? -- Ja, ek het te voet gestap.

Het jy alleen geloop of was jy saam met iemand anders? -- Ja, ek het alleen geloop.

Toe jy by die kerk gearriveer het, waar het jy ingegaan? Miskien kan ek jou help. Ek het ŉ lugfoto hierso, BEWYSSTUK CA5. Dit is ŉ lugfoto van die kerk. Hier op die voorgrond is daarso ŉ gebou wat blykbaar ŉ blink sinkdak het, die een vleuel. Die ander vleuel is ŉ rooi dak. Dan aan die agterkant is daar weer ŉ gebou met ŉ spitsdak en hier aan die een kant is huise en dan tussen die huis en daardie een met die sinkdak is daar ŉ groen grasperk. Het jy dit? -- Ja.

Dit is die kerk daardie. Waar het jy ingegaan? Hierso aan die teerstraat se kant voor , hier by die rooi gebou of daar langsaan is daar ŉ grondpad wat daar loop waar daar ŉ boom is en ŉ hek wat blykbaar in die perseel ingaan. Sien jy hulle? -- Ja, ek sien hulle.

Sê vir ons waar het jy ingegaan? -- Daar is ŉ hek net naby daardie witterige ding tussen die gebou of tussen die - die opening tussen die twee klomp bome. By daardie witterige ding daar. Dit is ŉ hek. ek het by daardie hek ingekom. Dit is aan die grondpad se kant aan die bokant as ŉ mens hierdie foto so hou.

En om daar te kom by daardie hek, uit watter rigting

het/...

het jy gekom? Van die teerpad se kant af of van die ander kant af? -- Van die regterkant af soos u daardie foto hou daar met die grondpad het ek gekom.

Toe jy daar by die hek arriveer het, was daar iemand by die hek gewees? -- Ja, daar was iemand.

Wie was daar? Ken jy hom? -- Ja, ek ken die persoon.

Wie is dit? -- Lekhoakhoa.

Beskuldigde nr. hoeveel? -- Dit is nr. 9.

Was hy alleen daar by die hek? -- Op daardie stadium wat ek daar gekom het, ja.

En wat het hy daar gedoen? -- Hy was besig om mense daar te beduie dat hulle moet ingaan en na die saal toe gaan.

Was daar dan mense daar buitekant in die straat? -- Daar was mense wat daar opgedaag het in groot getalle.

Jy sê jy is toe daar in en in die vierkant het jy mense gekry. Watter deel nou hier is die vierkant? Is dit die deel waar die groen grasperk is? -- Van die mense was op die groen gras gewees en hulle het toe versprei in die rigting van die ingang van die saal.

Kan jy vir die hof aandui waar was die mense besig om plakkate te maak? -- By die boom net by die skaduwee van die boom tussen die boom en die huis daar. Dit is die huis naaste aan die groot boom aan die linkerkant van die vierkant.

<u>HOF</u> : Ons sien op CA5 die saal. Die saal het ŉ rooi dak. Is dit korrek? -- Ja.

Dan aan die duskant van die saal is daar ŉ ablusieblok. Is dit korrek? -- Ja.

Tussen die saal en die ablusieblok is daar ŉ boom

wat/..

wat lyk of dit ŉ wilgerboom is? -- Ja.

Is dit die boom wat u van praat? -- Dit is die boom wat ek van praat.

MNR. JACOBS : Toe u daar gekom het, het u na daardie mense wat die plakkate gemaak het gegaan? -- Nee, ek het nie na hulle toe gegaan nie.

Het u reguit na die ingang van die saal toe gegaan? -- Ek het iewers daar gestaan net voor ek by die boom gekom het buite die saal.

Het u op enige stadium na die ingang van hierdie saal toe gegaan? -- Ja, op ŉ stadium het ek soontoe gegaan.

Hoe ver was jy van die mense wat die plakkate gemaak het af? -- (Getuie dui distansie aan)

HOF : 12,13 meter.

MNR. JACOBS : Het jy ooit tot by daardie mense wat die plakkate gemaak het gegaan? -- Nee.

En ek neem aan die mense, waar hulle die plakkate gemaak het, het hulle op die grond gewerk? -- Ja, hulle het dit op die grond geskryf, maar dit wat hulle klaar geskryf het, het hulle teen die muur laat staan.

Op mekaar? -- Nee, uit mekaar uit.

Teen watter muur het hulle dit laat staan? -- Teen die muur van hierdie witterige huis heel onder, dit wil sê langsaan die boom.

Die ablusieblok wat die hof van gepraat het?

HOF : Laat ons net duidelikheid kry. Watter witterige huis praat u van? -- (Getuie dui aan)

Dit is die gebou aan die regterkant soos ons na die foto kyk, regs van die ablusieblok.

MNR. JACOBS : Tussen hierdie plakkaatmakers, toe u nou

daar/...

daar gekom het en voordat die deur van die saal - laat ek dit eers so kry. Was die deur van hierdie saal oop gewees toe jy daar gekom het? -- Met my aankoms daar was dit alreeds oop gewees.

Was daar alreeds mense ook binne-in die saal? -- Ek weet nie, want ek het nie daar binne-in geloer nie.

So, daar het niemand daar gekom terwyl jy daar was en die deur gaan oopmaak van die saal nie? -- Ek het niemand gesien wat daar opgedaag het en die deur van die saal oopgemaak het nie, want die deur was alreeds oop gewees.

HOF : Die deur van die saal, is dit ʼn enkel deur soos ʼn huis se deur of is dit ʼn dubbel deur? -- As my geheue my nie in die steek laat nie, is dit ʼn dubbel deur wat met twee deure oopmaak.

Was albei oop? -- Die deur was oop. Of die twee deure oop was kan ek nie sê nie. Dit is omdat dit lank gelede plaasgevind het.

MNR. JACOBS : Weet jy wie is die persoon wat gesê het die mense moet nou in die saal ingaan? -- Ek ken nie die persoon nie.

Waarvanaf het hy gekom? Het jy gesien? -- Ek het nie gesien van waar af die persoon gekom het nie.

Het hy alleen daar aangekom? -- Ek het hom nie met sy aankoms daar gesien nie.

Die vreemdeling wat jy gesê het wat later uit die kerk gekom het en wat daar eerste gepraat het, het jy daardie vreemdeling gesien toe jy daar aangekom het en voordat die mense in die saal ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Laat ons net duidelikheid kry. Het die getuie gepraat van die saal of van die kerk? U sê wat uit die kerk gekom

het/...

het.

MNR. JACOBS : Uit die kerksaal gekom het. Kan ek dit dan net duidelik uit hom kry. Is julle daarso in die kerksaal in, nie die kerk self nie, maar die saal van die kerk.

MR BIZOS : The witness said that he did not go in.

MNR. JACOBS : Die mense daar, is hulle in die saal in? -- Ja, in die saal wat op dieselfde perseel is met die kerkgebou.

En dit is die deur wat oop gestaan het toe u daar gekom het, die deur van die saal? -- Ja, ek praat van die saal.

En dit is die deur wat daardie onbekende persoon gesê het waar die mense moet ingaan? -- Ja.

Is daardie onbekende persoon wat gesê het die mense moet ingaan, het hy in die kerk ingegaan? -- Ja, hy het.

Kan u net om te help, want ons het soveel onbekende persone, is dit dieselfde persoon wat weer uitgekom het en ŉ toespraak later gemaak het? -- Ja, dit is hy.

Voordat die mense daar in die kerk ingegaan het en op aandrang van hierdie onbekende persoon - nie in die kerk nie, in die saal ingegaan het, kan u onthou of hierdie onbekende persoon ook tussen die plakkaatmakers was? -- Ek onthou nie dat ek die persoon gesien het nie.

U sien, hoekom ek hierdie dinge vir u vra is, ons het ŉ opsigter van hierdie kerk gehad wat gesê het toe hy daar aangekom het het hy en ŉ sekere persoon saam na die deur toe gegaan, die deur oopgesluit het, hulle is saam in en die mense is in op daardie stadium? -- Miskien het dit gebeur dat hy die deur oopgemaak het voor ek daar gekom het, maar terwyl ek daar was, was die mense net gevra om die saal

binne/...

binne te gaan.

Ken jy vir Esau Raditsela? Miskien kan ons dit makliker maak so. -- Nee, ek ken hom nie.

Ek wil dit aan jou stel daar was getuienis in hierdie hof dat die mense wat die plakkate gemaak het het vir Esau, die persoon Esau Raditsela opdrag gegee toe hulle omtrent klaar was met die plakkate en toe daar baie mense alreeds in die kerk was, dat hy nou moet gaan en die mense gaan toespreek? -- Ek ken nie vir Esau Raditsela nie en ek het nie so gehoor dat mense so praat nie.

En ek wil dit aan jou stel dat volgens jou weergawe en volgens hulle dan ook is die persoon wat dan ingestuur het en wat dan uitgekom het en eerste gepraat het, dit is nog altyd dieselfde persoon, dit is Esau Raditsela?-- Ek ken hom nie. Ek hoor nou vir die eerste keer van u dat daardie persoon is Esau Raditsela.

En wat meer is, kan u net vir die hof sê, die mense in die saal, het hulle enigsins gesing daar? -- Nee, hulle het nie gesing nie.

Dit was ook die getuienis in hierdie hof dat die mense voordat Esau Raditsela van die plakkaatdraers af weggegaan het en in die saal ingegaan het, was die mense in die saal en hulle het gesing in die saal? -- Nee, daardie getuienis is nie die waarheid nie.

Jy sê daardie getuienis is vals? -- Ja, want ek het dit nie gesien gebeur nie.

En om dan net duidelikheid te kry, van die mense wat uit die saal gekom het en toe daar gepraat het nadat hulle uitgekom het, kan jy vir die hof sê, het jy enige van daardie mense geken? -- Praat u van die mense wat daar by een gekom

het/...

het of van watter mense praat u nou?

Hulle het nou in die saal gegaan, om nou vir jou die prentjie duidelik te gee, die mense is daar blykbaar toegespreek wat jy niè kon hoor nie en toe het hulle uitgekom en toe het twee persone, as ek jou getuienis reg verstaan weer mense buitekant toegespreek. Een was 'n vreemdeling en een het jy blykbaar geken? -- Ja, dit is so.

Wie het u geken? Wat is sy naam? -- Oom Matlole.

Is dit nou beskuldigde nr. 17? Is dit net hy èn hierdie vreemdeling wat ek beweer is Esau Raditsela - is dit net hulle twee wat daar buite gepraat het? -- Ja, ek sê oom Matlole en die onbekende man is die persone wat daar buite gepraat het.

En daarvan is jy baie seker? -- Ek is seker, ja. Baie seker.

U sien, die verdediging het dit gestel aan die getuies en het ook so getuig dat daar was drie mense wat gepraat het daar buitekant? -- Ek het net twee persone gesien wat gepraat het.

Is daardie getuienis weer vals? -- As gevolg van wat ek gesien het, moet 'n mens in aanmerking neem dat dit vals is.

Want die bewering was ook dat beskuldigde nr. 8 was een van die mense wat daar buite toegespreek het en dat hy ... (Hof kom tussenbei)

<u>HOF</u> : Laat beskuldigde nr. 8 opstaan. -- Ek het hom nie gesien praat daar nie.

<u>MNR. JACOBS</u> : Beskuldigde nr. 17, die man wat jy ken, Matlole, toe hy daar buite gepraat het, het hy met 'n spesifieke groep gepraat of het hy met die mense in die algemeen gepraat? -- Hy het met almal daar teenwoordig gepraat.

U/...

U sien, want nou verskil u weer van wat gestel was deur die verdediging as die weergawe van die verdediging. Dit was gestel dat beskuldigde nr. 17 en beskuldigde nr. 8 het hulle mense van hulle gebiede aangespreek in die besonder? -- Dit is nie so nie.

HOF : Ek dink ons kan miskien ŉ bietjie ŉ probleem kry met die mikrofoon. Daardie mikrofoon staan te naby aan die getuie. Dit is ook nie nodig dat hy in die mikrofoon praat nie. U kan hom maar wegskuif. Mnr. Jacobs, wat is die verwysing?

MR BIZOS : My recollection what was put was ... (Court intervenes)

COURT : Well, let us first get the reference. That is question number one. If you have a better reference, I prefer the reference and not your recollection.

MNR. JACOBS : Volume 21 bladsy 1 011.

COURT : Do you object to what was put, Mr Bizos?

MR BIZOS : I was relying on my recollection that they spoke because they were from different zones, not that they spoke to their own people.

COURT : Addressing particularly the people of their zones and their areas. The question is allowed. We go on.

MNR. JACOBS : Wat sê jy daarvan? Ek weet nie of jy geantwoord het nie? -- Ek volstaan by my antwoord en sê dat hy met almal daar in die algemeen gepraat het.

En volstaan u ook daarmee dat beskuldigde nr. 8 het glad nie gepraat nie? -- Ja, ek volstaan daarby dat ek hom nie gesien het praat nie.

Kan u onthou of iemand daar buitekant aan die mense daar gesê het dat dit ŉ baie belangrike opmars is en dat

hulle/...

hulle Houtkop moet bereik as 'n sterk mars? -- Ja, ek onthou baie goed.

Dat dit gesê is? -- Ja, die eerste spreker daar het dit gesê.

En het hy gesê wat gaan gebeur as die polisie teëgekom word? -- Hulle sal met die polisie praat.

En as die polisie hulle dan nog nie wil toelaat nie, wat dan? -- Dit het hy nie verduidelik nie.

Ek sal na hierdie aspek toe later weer terugkom. Ek wil net iets baie seker maak. Toe hierdie opmars opgestel was daar buitekant, was al die mense uit die saal gewees reeds? -- Ek weet nie, want ek het nie in die saal gaan kyk nie.

Die plakkaatmakers het hulle die heeltyd daar gebly waar hulle die plakkate gemaak het? -- Ek het nie veel aandag aan hulle gegee of na hulle gekyk nie. Ek weet dus nie wat toe van hulle geword het nie.

K1041 Is dit nie so dat party van hierdie mense wat plakkate gemaak het, nadat hulle klaar was het hulle daar buitekant gekom daardie mense wat toe in die tussentyd aangekom het en wat nie in die saal kon inkom nie, dat hulle hulle daar begin opstel het ek ge"marshall" het? -- Nee, eers na die toesprake deur die twee persone daar buite, dit wil sê na die mense alreeds in die saal was, is dit gedoen.

HOF : Na die mense reeds in die saal gewees het? -- In die saal gewees het.

MNR. JACOBS : Wie het hierdie parade opgestel nadat hulle nou toegespreek was ook buitekant? -- Wie ek gesien het dit doen was Lekhoakhoa.

HOF : Beskuldigde nr. 9? -- Nr. 9, ja.

MNR. JACOBS/...

MNR. JACOBS : Was dit hy alleen? -- Vanaf die kant waar ek gestaan het, het ek net vir hom gesien.

Hoe het hy die parade opgestel? Die optog? -- Hy het die plakkaatdraers heel voor gaan laat staan en dan die res van die mense agter die plakkaatdraers laat staan dat hulle daar in 'n ry moet staan agter die plakkaatdraers.

Waar het hy die plakkaatdraers laat staan? Jy het daardie foto voor jou? -- Die plakkaatdraers het hy by die hek gaan laat staan. Dit is die hek waar daardie witterige ding is aan die grondpad se kant.

Het hy hulle in die pad laat staan of voor die hek, voordat 'n mens uitgaan by die hek? -- Net voor die hek voor hulle uitgegaan het by die hek.

Hierdie plakkaatdraers wat jy nou sê wat hy daar laat staan het, was dit jong mense? -- Nee, dit was nie jong mense gewees nie.

Was die ou mense gewees? -- Dit was ook nie ou mense gewees nie. Dit was persone van die ouderdom van 30 - tussen 30 en 35.

Jy is baie seker daarvan? -- Ja, volgens my skatting wat ek gesien het, is ek seker.

Dan agter daardie plakkaatdraers sê jy het hy die res van die optog daar opgestel? -- Ja.

HOF : Kon hulle inkom in die perseel? -- Ek praat op die huidige oomblik van mense wat reeds op die perseel was wat agter die plakkaatdraers gestaan het.

Was die optog nie te lank sodat dit teen die agterkant van die perseel vas gestamp het nie? -- Die mense was redelik baie daar gewees. Ek skat ongeveer tussen vyf- en agthonderd mense was op die perseel gewees met die opstel van die

optog/...

optog.

Hoeveel in ŉ ry? -- Ongeveer twaalf of dertien. Ek sal sê die mense kon die breedte van ŉ teerstraat vol gestaan het.

MNR. JACOBS : Toe die optog nou begin beweeg, het die plakkaatdraers toe op bevel uitgegaan by die hek van die kerk? -- Ja.

Wie het die bevel gegee? -- Ek weet nie want ek was agter gewees.

Jy sien, as enigiemand in hierdie hof sê - laat ek dit eers so kry, was daar enige spesiale leiers vir hierdie optog uitgewys op daardie dag? -- Ek weet nie van spesifieke persone wat uitgewys was as die voorpunt of leiers van hierdie optog nie. Wat ek wel van weet is dat daar was sekere mense wat uitgewys was wat die praatwerk daar gedoen het. Daardie mense het ek beskou as die leiers.

Wie was uitgewys as die mense wat die praatwerk gedoen het en wat jy beskou het as die leiers? -- Nee, ek weet nie. Al wat ek weet is, hulle is lede van VCA.

Enige van die beskuldigdes wat jy geken het wat jy vir die hof gesê het, het hulle deelgeneem aan daardie reëlings van die leiers van die optog? -- Soos ek alreeds hier in die hof genoem het en twee persone uitgewys het, oom Matlole nr. 17 en Lekhoakhoa nr. 9 - hulle is van die mense wat die organisasiewerk gedoen het daar.

Voordat hierdie optog begin het, is altwee van hulle toe na die voorpunt toe of nie? -- Lekhoakhoa nr. 9 het na vorentoe gegaan na daardie wat die vlae gedra het om hulle daar te reël dat hulle reg staan.

HOF : As u nou praat van vlae, praat u van plakkate? -- Ja/...

Ja, ek praat van plakkate.

MNR. JACOBS : Was daar nie 'n banier ook gewees nie? -- Watter soort ding is 'n banier.

'n Banier is nou 'n lap, 'n breë lap met twee pale wat mense aan weerskante hou, dan loop hulle so met hom en daar is op die lap geskryf? -- Nee, ek het nie so iets gesien nie.

Toe die optog begin het en begin loop het, was daar enige mense wat voor die plakkaatdraers geloop het? -- Ek het nie opgelet om daarna te kyk nie.

As iemand vir hierdie hof sou getuig het of voor hierdie hof getuig het dat die manier waarop hierdie optog opgestel was, was eers die drie leiers van die optog by die hek laat uitgaan het en stelling ingeneem het in die pad, is dit ver-verkeerd? -- Ek sal nie met die persoon stry nie, want ek het dit nie gesien nie.

Maar stem jy saam dit is heeltemal verskillend van wat jy sê? -- Ek sê nie so nie. Wat ek sê is dat van die kant waar ek was, kon ek nie sien nie.

En wat meer is, dat nadat daardie drie persone stelling ingeneem het in die pad, toe is die plakkaatdraers gevra om uit te kom en stelling agter hulle te gaan inneem en daar te staan? -- U sal moet verstaan dat ek in 'n posisie gestaan het aan die regterkant van hierdie optog en met die uitgaan by hierdie hek, die optog draai links. Met die gevolg kon ek nie sien wat dan aan die linkerkant van hierdie optog plaasvind nie.

HOF : As u sê u staan regs van die optog, bedoel dit in die optog maar aan die regterkant of bedoel dit buite die optog regs van die optog? -- In die optog maar aan die regterkant

van/...

van die optog.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan u stel dat volgens hierdie getuie was die optog nog nie opgestel dat jy so kon staan nie, want die getuienis was verder gewees dat toe, nadat die plakkaatdraers hulle stelling ingeneem het, toe is die liggaam van die optog gekry om agter die plakkaatdraers weer stelling te gaan inneem?

HOF : Wat is die bewysplek?

MNR. JACOBS : Dit sal ek vir u moet kry. Ek onthou dit net uit my geheue. Ek sal dit môreoggend vir die hof kry. Ek kon ongelukkig nie alles gekry het tussen 13h00 en 14h00 nie. Het u enige kommentaar daarop te lewer? -- Wat ek gesien het daar gebeur is dat die eerste plakkaatdraers was en dan die liggaam van die optog agter hulle.

HOF : Die verskil is wat aan u gestel word en u getuienis is dit, u sê die optog is agter die plakkaatdraers opgestel binne die kerkterrein en wat aan u gestel word deur die advokaat, ek sê nie hy is reg of verkeerd nie, is dat die optog opgestel is agter die plakkaatdraers maar in die pad? -- Ek het gesien dat dit binne die perseel van die kerk plaasgevind het.

MNR. JACOBS : Het jy vir beskuldigde nr. 17, die man wat jy goed ken, weer gesien? -- Ek het hom nie weer gesien nie.

Daar in die middel van die optog waar jy beweeg het, waar jy was toe julle weggetrek het, was daar nie 'n "marshall" gewees nie? -- Daar was.

Was beskuldigde nr. 17 nie daarso 'n "marshall" in die middel van die optog nie? -- Ek het nie op daardie oomblik gesien nie.

Lateraan, het jy hom gesien daar in die middel? --

Ek/...

Ek het hom nie daardie dag weer gesien nie.

Toe jy teruggeval het na die agterkant van hierdie laaste kwart van hierdie optog, het jy hierdie man gesien wat hierdie vreemdeling was wat ek sê is Esau Raditsela? -- Nee, ek het hom nie weer gesien nie.

Het jy nie gesien wie die "marshalls" aan die heel agterkant van hierdie optog was toe julle nou daar by die kerk wegbeweeg het of ŉ entjie wegbeweeg het nie? -- Ek het hulle gesien, maar dit was vreemdelinge.

Nie hierdie vreemdeling wat jy gesê het wat die toespraak gelewer het nie? -- Nee.

Kan u vir die hof sê toe die optog die BP Moloantoa Garage genader het, het daar enige groepe daar by die garage gestaan wat wou aansluit by hierdie optog? -- Ek het bewus geword van die optog toe die optog nou begin stadig beweeg en tot stilstand gekom het, as gevolg waarvan ek toe opgekyk het en gesien het dat daar ŉ klompie mense was wat met groepe aansluit by die optog.

Laat ek net duidelik kry, dat ons mekaar nie verkeerd verstaan nie. Hierdie klompie mense wat met groepe aansluit, in die eerste instansie, wat bedoel jy met ŉ klompie mense wat met groepe aansluit? -- Ek praat van hierdie groot groep mense wat daar voor in die optog aangesluit het. Dit is wat ek van praat.

ŉ Groot groep mense. Wat is ŉ groot groep mense? Hoe groot is so ŉ groep? -- Hulle was baie gewees, maar nie soveel soos die mense wat alreeds op die optog was nie.

As jy sê baie, is dit ŉ paar honderd? -- Honderd of twee, maar omdat ek ver van hulle was, kan ek nie sê hoeveel hulle in ŉ getal was nie.

HOF : As u praat, sê u honderd of tweehonderd? -- Ja, ek skat ongeveer honderd of tweehonderd.

MNR. JACOBS : Waar was hierdie mense toe jy hulle opgemerk het? -- Dit was as gevolg van hierdie plakkate wat ek op 'n stadium daar gesien het wat in ons rigting gewys het, met dit wat op die plakkate geskryf is, dat ek besef het dat daar mense was wat aansluit by hierdie mense van ons daar voor wat veroorsaak het dat die plakkaatdraers van ons die plakkate swaai na ons rigting toe.

Laat ek net duidelikheid kry. Jy het net plakkate gesien wat omgedraai het en na julle toe gewys het en die stoet het stadiger beweeg en daarom het u aanvaar daar het mense aangesluit? Jy het dit nie gesien nie? -- Ek het dit gesien omdat daar nou persone was heel voor, dit wil sê aan die voorkant van die mense wat die plakkate gedra het.

En daardie persone het hulle plakkate gehad? -- Ek weet nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 20 NOVEMBER 1987.

**DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I2-26-320**
*Document Title:-* **Vol 320 p 18306-18368. Witnesses: Zulu and Maphalla**